# HOOFSTUK 6

## DIE METODE VAN ONDERSOEK

### 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp en die veldwerk vir hierdie navorsing uiteengesit. Die vraelysmetode en die samestelling van die vraelys word bespreek, terwyl die empiriese ondersoek teoreties begrond word.

### 6.2 DOEL VAN HIERDIE ONDERSOEK

Hierdie ondersoek het ten doel -

(1) om aan die hand van opvoedkundige kriteria, soos dit uit die literatuurstudie blyk, 'n objektiewe evaluering van die huidige beroepsleidingprogram (binne die opvoedkundige leidingprogram) in Transvaalse sekondêre skole te maak;

(2) om te bepaal of daarin geslaag word om die doelwitte van die program te bereik; en

(3) om indien dit sou blyk dat daar leemtes in die bovermelde program voorkom, riglyne te ontwerp in 'n poging om 'n doeltreffender loopbaanoriënteringsprogram daar te stel.

### 6.3 OORWEGINGS BY HIERDIE ONDERSOEK

Daar is aanvanklik besin oor die spesifieke terrein wat deur die ondersoek gedek sou word. Soos bespreek in par 1.1 en 1.2 is oorweging gegee aan die moontlikheid om die be-

roepsleidingprogram van die sekondêre skool van die Transvaalse Onderwysdepartement te evalueer. Ten einde die program te kan evalueer, is dit nodig om 'n teoretiese onderbou ten opsigte van die beroepsleidingprogram vanuit 'n opvoedkundige, 'n onderwyskundige en samelewingsperspektief daar te stel.

### 6.3.1 Tegnieke en dataversameling

Bepaalde data met betrekking tot die beroepsleidingprogram moes versamel word. Die navorsingsmetodes wat oorweeg is, is onder meer -

* beskrywende navorsing;
* teorievorming en literatuurstudie;
* eksperimentele navorsing; en
* kwasie-eksperimentele navorsing (De Wet et al., 1981: 11-13).

Daar is besluit op 'n empiriese studie gegrond op die kwasie-eksperimentele navorsingsmetode. Die volgende tegnieke is daarna oorweeg, naamlik projeksies, persoonlike onderhoudvoering, 'n verskeidenheid van vraelyste, waarnemings en so meer. Die vraelysmetode is vir hierdie ondersoek gekies omdat dit as die mees toepaslike dataversamelingstegniek vir die besondere ondersoek beskou word (Oppenheim, 1966:30-31).

### 6.3.2 Die vraelys as empiriese navorsingsmetode

Die vraelys word gebruik vir die insameling van gegewens waardeur die respondent met die navorser kommunikeer en sodoende sy houdings, gedagtes, menings, standpunte en so meer bekend maak (Benecke, 1980:79; Shertzer & Stone, 1976:256-257).

Volgens Kritzinger et al. (1981:725) en ook Odendaal et al. (1981:1320) is 'n vraelys 'n reeks vrae of 'n ondervraging aan die hand waarvan 'n lys van vrae oor 'n sekere onderwerp handel. Dit word deur navorsers gebruik om inligting in te win. Dit moet deur verskillende persone beantwoord word en het betrekking op houdings, opvattings en menings (Ohlson, 1974:239) wat navorsingsgegewens versamel (Shertzer & Stone, 1976:218). 'n Vraelys word deur ander persone op versoek van die navorser skriftelik of mondelings beantwoord. (Hopkins, 1980:130).

Mouly (1978:190-191) wys daarop dat die sukses, geldigheid en betroubaarheid van die vraelys afhang van die doeltreffende konstruksie daarvan. Die navorser moet duidelikheid oor sy ondersoek hê, want hoe duideliker die doel van die ondersoek is, des te beter kan elke item in verband met die doel gebring word. Die navorser moet in staat wees om die respondente se vooroordele en dies meer te kan antisipeer. Terselfdertyd moet hy waarde heg aan die respondent se persoonlike privaatheid. Volgens Mouly (1978:191) verklaar respondente hulle bereid om inligting te verstrek indien die ondersoek dit regverdig. Die items in die vraelys moet verder so georden en geformuleer word dat dit verveling of ontsteltenis by die respondente uitskakel of tot die minimum beperk (Landman, 1980:108). Daar moet gelet word op die inhoud van die items, die spesifieke bewoording, die uitleg, asook die volgorde van die gestelde items. 'n Verdere faktor wat by die strukturering van die vraelys in gedagte gehou moet word, is die wyse waarop die gegewens empiries verwerk gaan word (Anastasi, 1971:487; Groenewald, 1981:44-46).

De Landsheere (1973:63) wys daarop dat daar besware teen die vraelys as navorsingsmetode bestaan, soos byvoorbeeld:

* die gestelde vrae is vanuit die standpunt van die ondersoeker;

* respondente gee op hul beurt weer subjektiewe response; en

* respondente is dikwels nie op die hoogte met die probleem wat met die vraelys ondersoek word nie.

### 6.3.2.1 Nadele verbonde aan die vraelys

Die nadele verbonde aan die vraelys is onder meer:

* Dit is moeilik om die respondente se motivering te bepaal.

* Vraelyste kan nie gebruik word vir respondente wat nie die taal van die vraelys magtig is nie.

* Vraelyste wat ingevul, voltooi en ingehandig is, kan 'n bevooroordeelde monster lewer indien daar nie 'n toevallige ewekansige monster van die ingehandigde vraelyste verkry word nie.

* Mason en Bramble (1978:301), asook Ary et al. (1972: 170) wys daarop dat 'n lae persentasie vraelyste wat terugontvang word, die grootte van die steekproef verminder, alhoewel dit relatief van mindere belang is indien die steekproef groot is.

* Volgens De Wet et al. (1981:163) is dit moeilik om die geldigheid van die vraelys te bepaal, aangesien dit in 'n groot mate afhanklik is van die vermoë en die bereidheid van die respondent om die gevraagde inligting te verstrek.

* Indien die vrae nie duidelik geformuleer is nie, kan respondente dit verskillend vertolk en gevolglik kan die resultate misleidend wees. (Lehmann & Mehrens, 1979:84; De Wet et al., 1981:163).

* Soms word respondente gedwing om 'n antwoord uit 'n aantal moontlikhede te kies (Ary _et al_., 1972:170).

* Somtyds beantwoord respondente nie al die vrae nie, terwyl sommige vrae ook nie volledig afgehandel word nie (Turney & Robb, 1971:130).

### 6.3.2.2 Voordele verbonde aan die vraelys

Naas bepaalde nadele het die vraelys ook besliste voordele waaronder die volgende:

* Dit bied die respondent die geleentheid om objektiewe response aan te bied.

* Respondente kan vryelik respondeer en anoniem bly sonder vooroordele en enige terughoudendheid (Borg en Gall, 1983:424-425).

* Ten opsigte van aspekte soos tyd en finansies, is dit 'n ekonomiese dataversamelingswyse (Ary _et al_., 1972: 170; Gay, 1976:128).

* Standaardvrae kan aan alle respondente gestel word (Turney & Robb, 1971:130).

* Inligting wat nie op 'n ander wyse bekom kan word nie, word deur die vraelys bekom (Landman, 1980: 108).

* Die vraelys is toepasbaar op 'n baie groot groep persone (Gay, 1976:128; Landman, 1980:108).

* Volgens Mouly (1978:139) asook Mason en Bramble (1978:300) bied die groter geografiese gebied wat gedek, en dikwels moeilik bereikbare persone wat wel bereik word, groter geldigheid aan die resultate.

* Die vraelys leen hom goed tot oorweegde antwoorde (Mouly, 1978:141).

* Die vraelys skakel persoonlike beïnvloeding deur die onderhoudvoerder uit (Cohen & Manion, 1980:253).

* Ary et al., (1972:101) wys daarop dat response maklik getabuleer kan word, wat op sigself weer die analisering van die vraelys vergemaklik.

6.3.3 Die konstruksie van 'n vraelys

Die formulering en samestelling van 'n vraelys kan 'n belangrike rol speel om in 'n studie/navorsingsprojek bepaalde verbande te lê tussen waarneembare verskynsels.

Dit is verder nodig dat die navorser by die konstruksie van 'n vraelys sorg sal dra dat alle items wat opgeneem moet word, voldoen aan die kriteria vir geldigheid en betroubaarheid.

(1) Betroubaarheid

Die betroubaarheid van 'n metingskaal, soos die vraelys, word beskryf as 'n algemene term wat die verskillende tegnieke beskryf waarmee die navorser die konsekwentheid van 'n gegewe telling kan evalueer (Sax, 1968:220-243).

Betroubaarheid van 'n vraelys is geleë daarin dat dit 'n bepaalde kriterium binne die vraelys konsekwent van geleentheid tot geleentheid by dieselfde respondent meet (Anastasi, 1971:71).

Volgens Du Plooy en Fraser (1988:306) impliseer dit dat dieselfde waarnemings sigbaar word wanneer dieselfde vraelys onder verskillende omstandighede toegepas word op verskillende ondersoekgroepe.

Wanneer toevallige en ongewenste faktore nie 'n rol by die uitkoms van so 'n vraelys speel nie, is die vraelys nie betroubaar nie. Dit wil sê dat, as toevallige faktore die toets beïnvloed, kan 'n konsekwente voorspelling nie met die uitkomste van die vraelys gemaak word nie (Owen en Taljaard, 1988:27).

(2) Geldigheid

Om die geldigheid van 'n metingstoets te kan peil, is dit nodig dat daar getuienis moet bestaan dat die vraelys vir 'n spesifieke doel geldig is.

Vir Du Plooy en Fraser (1988:305) hou die geldigheid van 'n navorsingsontwerp nou verband met die volgende stappe, naamlik:

* seleksie van die navorsingstemas;
* probleemstelling;
* konseptualisering van die konsepte;
* hipotesestelling;
* insameling van die navorsingsdata;
* analisering van die data; en
* interpretasie van die data.

Owen en Taljaard (1988:33) verwys na Guion wat stel dat die geldigheid van die vraelys daarin geleë is dat dit 'n evaluering van die kriteria is om te bepaal of die vraelys relevant is met betrekking tot die doel waarvoor die vraelys opgestel is, met ander woorde - meet die vraelys wat dit veronderstel is om te meet. Die geldigheid van 'n vraelys hang dus af

van wat dit meet en hoe goed dit meet wat dit veronderstel is om te meet (Anastasi, 1971:99; vlg ook Du Plooy en Fraser, 1988:305).

### 6.3.4 <u>Die konstruksie van die vraelys vir hierdie navorsing</u>

Die volgende kriteria is in berekening gebring by die opstel van die vraelys vir hierdie ondersoek:

* Die anonimiteit van die respondente sowel as die skole en tersiêre inrigtings waaraan hulle verbonde was/is.

* Vrae, wat moontlik verleentheid vir die respondente kan skep, is sover moontlik vermy.

* Daar is sover moontlik gebruik gemaak van geslote tipe vrae ten einde die verwerking van die data te vergemaklik en om 'n hoër mate van objektiwiteit te bewerkstellig.

* Vrae wat handel oor dieselfde onderwerp is saamgegroepeer.

Aanwysings vir die voltooiing van die vraelys is vervat onder "Algemeen". Respondente moes die aanwysings lees voordat hulle die vraelys voltooi. Daarin is gepoog om die doel van hierdie vraelys aan die respondente te stel en respondente van hul anonimiteit te verseker. Respondente is versoek om alle vrae te beantwoord.

Die geldigheid en betroubaarheid van die vraelys is nie spesifiek bepaal nie, dog daar is gepoog om objektiwiteit in al die vrae te konstrueer. Die betroubaarheid van die verkreë data hang grootliks af van die eerlikheid waarmee die respondente die vrae beantwoord het (Benecke, 1980: 83).

Die doel van en die wyse waarop die vraelys toegepas word, sowel as die teikengroep vir wie dit ontwerp is, bepaal die soort vraelys wat ontwerp moet word by 'n bepaalde ondersoek (Sax, 1968:22 e.v).

Vir die rekenaarverwerking van die data, is dit noodsaaklik dat items op so 'n wyse saamgestel word dat slegs 'n beperkte aantal response per item moontlik is. Voorts moet elke item kort en relevant wees, en betrekking op die bepaalde ondersoek hê (Youngman, 1978:18 e.v). Elke item moet duidelik geformuleer wees en slegs oor een onderwerp handel, terwyl die keuse eenvoudig gestel moet word om betroubaarheid te verhoog (Youngman, 1978: 12-15).

### 6.3.4.1 Gestruktureerde items

'n Gestruktureerde item bestaan uit 'n geslote vraag met 'n aantal alternatiewe antwoorde waaruit die respondent kan kies, byvoorbeeld:

Wat is u standpunt ten opsigte van die aanbieding van beroepsvoorligting in die primêre skool?

| | |
|---|---|
| BAIE BELANGRIK | 1 |
| BELANGRIK | 2 |
| MINDER BELANGRIK | 3 |
| GLAD NIE BELANGRIK NIE | 4 |

Die alternatiewe antwoorde behoort alle moontlike antwoorde te bevat, terwyl elke antwoord duidelik onderskeibaar is van die ander moontlike antwoorde. Gestruktureerde items vergemaklik sowel die nasien as die data-analise (Landman, 1980:109). Landman (1980:109) en Gay (1976:120) wys daarop dat gestruktureerde items

nie altyd voorsiening maak vir die respondent se werklike antwoord nie. Om hierdie rede moet vraelyste, wanneer nodig, die item "ander" bevat om sodoende ruimte te laat vir antwoorde waarvoor die gegewe lys nie voorsiening maak nie.

Hopkins (1980:45) wys daarop dat dit effektief is om items so te rangskik dat die respondent 'n antwoord kan aandui deur slegs 'n kruisie/kringetjie/regmerkie in die ooreenstemmende blokkie te maak. Gestruktureerde items vergemaklik tabulering en is geskik vir kodering en rekenarisering (Hopkins, 1980:145).

(1) <u>Die Gutmanskaal</u>

Die Gutmanskaal bevat gestruktureerde vrae. Die respondente is versoek om 'n aantal vrae te beoordeel op 'n basis van "Ja"-, "Nee"- en "Onseker" -antwoorde. Om hierdie rede is besluit om die Guttmanskaal te gebruik (Anastasi, 1971: 482-484).

'n Voorbeeld hiervan is:

Het u op gereelde basis (op die lesrooster) beroepsleiding in groepverband ontvang?

| | |
|---|---|
| JA | 1 |
| NEE | 2 |
| ONSEKER | 3 |

(2) <u>Die Likertskaal</u>

Die Likertskaal bevat items wat op 'n 4-puntskaal in die vorm van meervoudige keusevrae gestel is. (Anastasi, 1971:487; Sax, 1968:220-221). Die gun-

stigste menings is as byvoorbeeld "baie", terwyl die ongunstigste menings as "feitlik geen" beskryf word. 'n Voorbeeld van die Likertskaal is:

Hoeveel inligting het u op skool ten opsigte van naskoolse beroepsmoontlikhede gekry op universiteitsvlak?

| | |
|---|---|
| BAIE | 1 |
| GENOEGSAAM | 2 |
| ONVOLDOENDE | 3 |
| FEITLIK GEEN | 4 |

### 6.3.4.2 Inhoud van die vraelys

Konsepvraelyste is saamgestel en aan kundiges voorgelê vir redigering. Na samesprekings is die nodige wysigings aangebring sodat nie net die logika, toepaslikheid, geldigheid en die toepasbaarheid van die vraelys nie, maar ook die verwerking van die data vergemaklik en verbeter is.

Die inhoud van die vraelys is bepaal nadat 'n literatuurstudie gedoen is. Navorser het hom ook laat lei om die probleme en die behoeftes van matrikulante en hul beroepskeuse(-on)sekerheid, sowel as die inhoud van die skool se beroepsleidingprogram, aan te spreek.

Met die oog op 'n realistiese tyd vir die voltooiing van die vraelys, moes noodwendig keuses gemaak word ten opsigte van die belangrikste sake waarop die vrae gefokus moes word.

Die vraelys se inhoud word in die volgende kategorieë ingedeel, naamlik:

* biografiese gegewens;
* militêre diensplig;
* die skool se beroepsleidingprogram;
* respondente se beroepskeuse; en
* faktore wat 'n invloed daarop uitoefen.

Op enkele uitsonderings na, is slegs gebruik gemaak van gestruktureerde vrae.

Die inhoud van die vraelys en motivering vir die insluiting van bepaalde vrae, word kortliks aangestip (vgl. ook Bylae A).

(1) <u>Biografiese gegewens</u>

Hoewel die biografiese gegewens van die respondente vir die doel van hierdie ondersoek nie van primêre belang is vir die evaluering van die sekondêre skool se beroepsleidingprogram nie, kan dit tog 'n rol speel in die beantwoording en vertolking van die vrae deur die respondente. Om hierdie rede is die volgende biografiese gegewens ingewin, naamlik die geslag van die respondente en hul ouderdom; die ligging van die skool; die taalmedium, grootte en tipe skool, sowel as die aantal skole wat respondente bygewoon het; respondente se studierigtingkeuse in die sekondêre skoolfase; die kwalifikasies van die ouers; gesinsopset en grootte van die gesin.

Met die vrae 1 tot 13 word beoog om die biografiese beeld van die respondente te vorm.

Die volgende vrae in die vraelys dek hierdie faktore:

Vraag 1 - Geslag.

Vraag 2 - Ouderdom in jare.

Vraag 3 (3.1 en 3.2) - Ligging van die skool waar die respondent gematrikuleer het.

Vraag 4 - Tipe skool.

Vraag 5 - Taalmedium van die skool.

Vraag 6 (6.1 en 6.2) - Grootte van die skool.

Vraag 7 - Aantal skole deur respondent besoek.

Vraag 8 - Respondent se studierigtingkeuse in die senior sekondêre skoolfase.

Vraag 9 - Kwalifikasie(s) waaroor pa/stiefpa/voog beskik.

Vraag 10 - Kwalifikasie(s) waaroor ma/stiefma/voog beskik.

Vraag 11 - Respondent se gesinsopset.

Vraag 12 - Grootte van respondent se gesin.

Vraag 13 - Ander broer(s)/suster(s) wat studeer/ gestudeer het na matriek.

(2) Militêre diensplig

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat militêre diensplig vir die navorsing van belang sal wees. Om hierdie rede is vrae 14 tot 17 in die vraelys opgeneem om vrae rakende militêre diensplig en respondente se beroepskeuse te verifieer.

Met behulp van vrae 14 tot 17 word gepoog om die invloed van militêre diensplig op beroepskeusesekerheid/-onsekerheid te bepaal. Volgens die Waltersverslag kan militêre diensplig per se 'n belangrike invloed op die beroepskeusesekerheid van die individu hê (DOK(AV), 1990(a):22-23).

Die volgende vrae dek respondente se posisie met betrekking tot militêre diensplig en hul beroepskeuse:

Vraag 14 - Respondent se posisie met betrekking tot militêre diensplig.

Vraag 15 - Redes waarom militêre diensplig voor die aanvang van studies verrig is al dan nie.

Vraag 16 - Respondent se mening met betrekking tot militêre diensplig wat reeds verrig is.

Vraag 17 - Respondent se mening met betrekking tot die voor- en nadele van militêre diensplig soos in die beroepsleidingprogram behandel.

(3) Die skool se beroepsleidingprogram

Die situasie van die jeugdige in die sekondêre skool met betrekking tot die beroepsleidingprogram en die jeugdige se gepaardgaande behoefte aan beroepsinligting en beroepsoriëntering, verskaf die rasionaal vir hierdie ondersoek.

Uit ervaring in die praktyk, het die gedagte ontstaan om vas te stel waarom (indien wel) matrikulante, onseker van hul beroepskeuse is en wat die aandeel van die skool se beroepsleidingprogram in

hierdie verband is. Indien dit sou blyk dat die sekondêre skool se beroepsleidingprogram nie bydra tot respondente se beroepskeusesekerheid nie, behoort die beroepsleidingprogram herevalueer te word.

Vrae 18 tot 23 is ingesluit met die oog daarop om die skool se beroepsleiding na aanleiding van die respondente se response, te evalueer.

Met vraag 18 was die bedoeling om vas te stel of die respondente, wat om een of ander rede by herhaling daarvan of nie, dieselfde tersiêre studierigting volg as wat hulle aanvanklik gekies het. Met vraag 19 moes die standpunte van respondente, met betrekking tot die belangrikheid van die insluiting van beroepsvoorligting in die totale skoolprogram, bepaal word.

Daar is met die insluiting van verskeie items gelet op groepwerk, sowel as individuele werk. Groepwerk word allerweë beskou as 'n belangrike didaktiese wyse waarvolgens beroepsleiding op skool aangebied word. Daar moes met enkele vrae in die vraelys bepaal word in welke mate hierdie aspek in die beroepsleidingprogram tot sy reg kom. Vrae 20 (20.1-20.3); 23 (23.2-23.3); 29 (29.2.1 en 29.2.2) en 31 (31.2) handel oor groepwerk binne die beroepsleidingprogram.

Individuele voorligting is die hartklop van die skool se beroepsleidingprogram. Gebeure in die groepwerk kulmineer in die individuele bemoeienis by wyse van 'n onderhoud of gesprek met die betrokke leerling. Soos in die geval met groepwerk, moes met enkele items bepaal word op watter wyse en in welke mate hierdie aspekte aangespreek is. Met die insluiting van die volgende items in die

vraelys, was die bedoeling om te bepaal in welke mate word die individu individueel deur die beroepsleidingprogram bereik, naamlik vrae 21 (21.1 tot 21.3); 22 (22.1); 23 (23.1); 24 (24.1 tot 24.3.2); 31 (31.1 tot 31.1.4) en 32 (32.1 tot 32.17).

Daar is ook geoordeel dat bepaal moet word watter onderwyspersoneellid hoofsaaklik verantwoordelik is vir die skool se beroepsleidingprogram. By wyse van die insluiting van enkele items was die bedoeling om vas te stel tot watter mate die bepaalde onderwyspersoneellid betrokke is by die skool se beroepsleidingprogram. Die volgende is om hierdie rede ingesluit in die vraelys, naamlik vrae 24 (24.1.1 tot 24.3.2); 25 (25.2 en 25.3); 29 (29.1) en 33 (33.1).

Aan die hand van die literatuurstudie is geoordeel dat items spesifiek ingesluit moet word wat handel oor die inhoud van die program ten einde die beroepsleidingprogram te kan evalueer. Daar is gepoog om 'n in-diepte ondersoek hierna te doen deur middel van die insluiting van vrae 20 (20.1 tot 20.3); 21 (21.1 tot 21.3); 27 (27.1 tot 27.4); 28 (28.1 tot 28.4); 30 (30.1 tot 30.6.6); 31 (31.1 tot 31.2.4) en 32 (32.1 tot 32.17).

Die volgende vrae in die vraelys dek hierdie aspekte genoem onder (3):

Vraag 18 - Respondent wat voorheen aan 'n tersiêre inrigting gestudeer het al dan nie.

Vraag 19 (19.1 en 19.2) - Respondent se standpunt ten opsigte van die belangrikheid van die aanbieding van beroepsvoorligting op skool.

Vraag 20 (20.1 tot 20.3) - Beroepsleiding in groepverband.

Vraag 21 (21.1 tot 21.3) - Beroepsleiding op individuele basis.

Vraag 22 (22.1 of 22.2.1 tot 22.2.7) - Indien geen individuele beroepsleiding op skool aangebied is nie, wie was verantwoordelik vir individuele leiding aan die respondent.

Vraag 23 (23.1 tot 23.3) - Is daar voorsiening gemaak vir beroepsleiding op die lesrooster.

Vraag 24 (24.1 tot 24.3.2) - Individuele onderhoudvoering met betrekking tot beroepsleiding op skool.

Vraag 25 (25.1 tot 25.6) - Bespreking van beroepskeuseprobleme wat respondent ervaar het.

Vraag 26 (26.1 tot 26.6) - Fasiliteite beskikbaar in die skool se beroepsvoorligtinglokaal.

Vraag 27 (27.1 tot 27.4) - Respondent se mening met betrekking tot inligting op skool ontvang ten opsigte van studierigtings en studiegeleenthede.

Vraag 28 (28.1 tot 28.4) - Respondent se mening met betrekking tot inligting op skool ontvang ten opsigte van beroepsmoontlikhede.

Vraag 29 (29.1 tot 29.2.2) - Onderwyser hoofsaaklik verantwoordelik vir die beroepsleidingprogram en groepering van standerds/standerdgroepe in die skool vir die aanbieding van die beroepsleidingprogram.

Vraag 30 (30.1 tot 30.6.6) - Respondent se mening met betrekking tot temas wat tydens beroepsleidingperiodes vanaf st 5 tot st 10 behandel was al dan nie.

Vraag 31 (31.1 tot 31.2.4) - Beroepstudies gedoen op individuele basis en in groepverband.

Vraag 32 (32.1 tot 32.17) - Respondent moet aandui watter van die faktore wat beroepskeuse beïnvloed, op skool aan hom/haar uitgewys is al dan nie.

Vraag 33 (33.1 tot 33.7) - Respondent se mening oor die beroepsinligting wat hy/sy in die beroepsleidingklas ontvang het.

Vraag 34 - Die invloed van die skool se beroepsleidingprogram op respondent se beroepskeuse.

(4) <u>Respondent se beroepskeuse</u>

Daar moes ook met een of meer items vasgestel word wat respondente se posisie met betrekking tot hul beroepskeuse en beroepskeuse-onsekerheid is. Aan die hand van die literatuurstudie is geoordeel dat items soos byvoorbeeld die faktore wat 'n rol by die beroepskeuse van respondente kan speel in die vraelys opgeneem behoort te word. Om hierdie rede is die volgende items in die vraelys ingesluit:

Vraag 35 - Is 'n bepaalde beroepskeuse reeds gedoen al dan nie.

Vraag 36 - On-/sekerheid van respondent oor sy/haar beroepskeuse.

Vraag 37 (37.1 tot 37.12) - Faktore wat respondent se beroepskeuse beïnvloed.

Vraag 38 - Die belangrikste rede volgens respondent waarom bepaalde beroepskeuse gemaak is.

## 6.4 DIE LOODSONDERSOEKE

'n Eerste loodsondersoek is gedurende November/Desember 1990 en 'n tweede gedurende Januarie 1991 uitgevoer. Die eerste loodsondersoek is uitgevoer met studente wat reeds hul eerste studiejaar in 1990 voltooi het. Die tweede loodsondersoek het voornemende eerstejaarstudente vir 1991 betrek. Hierdie data is nie verwerk vir die interpretasie van die navorsingsgegewens van hierdie ondersoek nie.

Die loodsondersoeke is gedoen om swak bewoorde, onduidelike, onnodige en irrelevante vrae uit te skakel, asook om die vraelys so te konstrueer dat respondente dit binne ± 20-25 minute kan voltooi. Die rasionaal vir die uitvoer van twee loodsondersoeke, is dat in die eerste loodsondersoek 'n groot hoeveelheid leidende vrae ingesluit was wat hoofsaaklik rondom die beroepskeuse gestel was en met mindere klem op die beroepsleidingprogram. Die tweede loodsondersoek het basies dieselfde inhoudelike tipe vrae bevat, maar was meer gerig op die beroepsleidingprogram. Die vrae in die tweede loodsondersoek was ook minder leidend en is met enkele wysigings in die finale vraelys vervat.

In albei die proeflopies is die respondente versoek om kommentaar te lewer op die inhoudelike, die vorm van en tydsverloop. Hierdie kritiek/kommentaar is opgevolg en in berekening gebring by die samestelling van die finale vorm van die vraelys.

## 6.5 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 6.5.1 Die populasie en keuse van respondente

Die owerhede van Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Potchefstroomkampus, sowel as die Vaaldriehoekkampus), Universiteit van Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, Vaaldriehoekse Technikon, Witwatersrandse Technikon en die Pretoriase Technikon is versoek om 'n verteenwoordigende groep inwonende eerstejaarstudente beskikbaar te stel vir voltooiing van die vraelys.

Die universum bestaan uit eerstejaar koshuisstudente aan die genoemde inrigtings. Slegs eerstejaarstudente vir die jaargroep 1991 is ingesluit. Dagstudente (voltyds) en na-uurse (deeltydse) studente is uitgesluit en buite rekening gelaat. Die rede hiervoor is dat die vraelys nie by die onderskeie inrigtings se reeds oorvol oriënteringsprogramme ingepas kon word nie. Dit was ook nie prakties moontlik om die dagstudente van die betrokke inrigtings op 'n gemeenskaplike vergaderpunt byeen te bring sonder om inbreuk op die lesingrooster te maak nie. Koshuisstudente is per afspraak by gemeenskaplike vergaderpunte byeen gebring waar die vraelys in groepverband voltooi is.

Die respondente is per hand deur middel van ewekansige getalle uitgesoek, wat meganies deur 'n rekenaar op so 'n wyse opgestel is dat die volgorde van die getalle (die "Ten Thousand Random Numbers") ewekansig uitgesoek is (Gay, 1976:325-328).

Die geografiese ligging van die betrokke tersiêre inrigtings en die verspreiding van die fakulteite (universiteite) en skole (technikons), asook die streke van waar die inwonende studente gematrikuleer het, kan 'n verteenwoordigende groep vorm.

Voorts word die probleem benader vanuit die perspektief van die eerstejaarstudent, te wete die probleme wat die respondent op skool ervaar het ten opsigte van die beroepsleidingprogram wat op skool aangebied en gevolg is, maar ook die ervaring ten opsigte van die inhoude en die aanbieding en die implikasies daarvan op die beroepskeuse van die student.

### 6.5.2 Bepaling van die steekproef

Al die genoemde tersiêre inrigtings wat by hierdie ondersoek betrek is, is versoek om die groot totaal ingeskrewe eerstejaarstudente, sowel as die groot totaal inwonende eerstejaarstudente tot navorser se beskikking te stel. Die RGN is om raad genader om 'n verantwoordbare steekproefmonstering te trek (Stoker, 1991). Daar is besluit om 'n ewekansige gestratifiseerde steekproefmonstering te doen. Daar is besluit om in die gevalle van die Witwatersrandse Technikon en die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO, al die beskikbare inwonende eerstjaarstudente te betrek (vgl. tabel 6.1). Die studente van die PU vir CHO (Potchefstroomkampus), die UP en die RAU is op 'n 20% basis getrek, terwyl die studente van die Technikon Pretoria en die Vaaldriehoekse Technikon op 'n 25% basis gestratifiseerde ewekansige monster betrek is. Die rede waarom op 'n steekproef van respektiewelik 20% en 25% besluit is, is dat waar inrigtings oor meer as 100 inwonende eerstejaarstudente beskik, 'n verteenwoordigende groep betrek kan word. Voorts is geoordeel dat 'n 25% steekproef Technikonstudente teenoor 20% steekproef Universiteitstudente nie 'n skeefgetrekte steekproefneming kan bewerkstellig nie (Stoker, 1991).

Volgens De Wet et al. (1981:177) is die grootte van die steekproef van groot belang. Hoe groter die steekproef, hoe akkurater is die skatting van die gemiddeld van die bevolking. Hoe groter die steekproef, hoe meer verteen-

woordigend is dit van die bevolking en dit kan betroubare en geldige gevolgtrekkings verseker, aldus Borg en Gall (1983:258).

### 6.5.3 Die veldwerk vir hierdie empiriese ondersoek

Telefoniese gesprekke en persoonlike besoeke is opgevolg deur 'n bekendstellingsbrief en 'n begeleidingsbrief. Daarin is om amptelike goedkeuring aansoek gedoen om die vraelyste onder die eerstejaarstudente te versprei. 'n Kopie van die vraelys is aan dié inrigtings wat dit tydens telefoniese/persoonlike onderhoude versoek het, voorsien. Telefoniese skakeling het weer plaasgevind nadat amptelike goedkeuring van al die rektorate van die betrokke inrigtings ontvang is.

Die universum van die eerstejaarstudente wat by hierdie navorsing betrokke is word in Tabel 6.1 weergegee.

## TABEL 6.1:

## UNIVERSUM EERSTEJAARSTUDENTE BETROKKE BY HIERDIE ONDERSOEK

| | GROOT TOTAAL 1STE JAAR-STUDENTE | | | INWONENDE 1STE JAAR-STUDENTE | | | STEEKPROEF-GETALLE | | | VRAELYSTE ONTVANG | | | BRUIKBARE VRAELYSTE | | | ONBRUIKBARE VRAELYSTE | | | PERSENTASIE VRAELYSTE ONTVANG | | | PERSENTASIE BRUIKBARE VRAELYSTE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| INRIGTING | M | D | TOT | M | D | TOT | M | D | TOT | M | D | TOT | M | D | TOT | M | D | TOT | M | D | TOT | M | D | TOT |
| Universiteit Pretoria | 1722 | 2869 | 4591 | 554 | 787 | 1341 | 119 | 174 | 293 | 78 | 112 | 190 | 78 | 112 | 190 | 0 | 0 | 0 | 65.5% | 64.4% | 64.9% | 65.6% | 64.4% | 64.9% |
| *Potchefstroomse Universiteit vir CHO (Hoofkampus) | | | 1383 | 450 | 692 | 1142 | 86 | 129 | 215 | 75 | 109 | 184 | 74 | 104 | 177 | 2 | 5 | 7 | 87,2% | 84.5% | 85.6% | 84.9% | 80.6% | 82.3% |
| *Potchefstroomse Universiteit vir CHO (Vaaldriehoek) | | | | 24 | 8 | 32 | 24 | 8 | 32 | 24 | 8 | 32 | 24 | 8 | 32 | 0 | 0 | 0 | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |
| *Randse Afrikaanse Universiteit | | | 1613 | 306 | 386 | 692 | 52 | 64 | 116 | 52 | 64 | 116 | 52 | 61 | 113 | 0 | 3 | 3 | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |
| Technikon Pretoria | 2127 | 1536 | 3663 | 294 | 522 | 816 | 64 | 134 | 198 | 64 | 134 | 198 | 57 | 132 | 189 | 7 | 2 | 9 | 100% | 100% | 100% | 89.1% | 98.5% | 95.4% |
| *Vaaldriehoekse Technikon | | | 1714 | 297 | 299 | 596 | 84 | 71 | 155 | 80 | 71 | 151 | 80 | 71 | 151 | 0 | 0 | 0 | 96.2% | 100% | 97.4% | 95.2% | 100% | 97.4% |
| Witwatersrandse Technikon | 2516 | 1278 | 3794 | 38 | 60 | 98 | 38 | 60 | 98 | 30 | 50 | 80 | 17 | 48 | 65 | 13 | 2 | 15 | 78.9% | 83.3% | 81.6% | 44.7% | 80.0% | 66.3% |
| GROOT TOTALE | | | 16758 | 1963 | 2754 | 4717 | 467 | 640 | 1107 | 403 | 548 | 951 | 381 | 536 | 917 | 22 | 12 | 34 | 86.3% | 85.6% | 85.9% | 81,6% | 83.8% | 82.8% |

* Die syfers vir Mans en Dames apart kon tydens die steekproefneming nie verkry word nie.

Die voltooide vraelyste is gesorteer en gekontroleer vir foute en/of onvolledig voltooide vraelyste. Die nodige regstellings is gedoen ten opsigte van die kodering sonder om enige response te verstel. 'n Totaal van 917 (82,8%) bruikbare vraelyste is ontvang vir die empiriese verwerking van die data.

Altesaam 34 (3,1%) van die vraelyste was nie geskik vir verwerking van die gegewens nie en wel om die volgende redes:

* half en redelik onvolledig voltooide vraelyste;
* verkeerdelik/foutiewelik voltooide vraelyste; en
* 'n vaste patroon waarop response ingevul is.

Vraelyste waarvan enkele vrae nie volledig beantwoord is nie, is wel as bruikbaar beskou en derhalwe ingesluit vir verwerking. Onbruikbare/erg onvolledige vraelyste is vir die empiriese verwerking buite rekening gelaat.

### 6.5.4 Ponswerk en verwerking van die verkreë data

Nadat die vraelyste voltooi en opgeneem is, is dit gekontroleer vir foutiewe en inkonsekwente beantwoording. Die gegewens van die vraelyste is vervolgens by die rekenaarsentrum van Potchefstroomse Universiteit vir CHO gepons. Weer eens is die korrektheid gekontroleer en is die rekenaarmatige verwerking van die verkreë data gedoen.

Die data is deur die rekenaarprogram in frekwensietabelle getabuleer. Die korrelasie van die rekenaarverwerkte data is met behulp van die rekenaar verkry. Die genoemde gegewens sal in die volgende hoofstuk analiseer en interpreteer word.

## 6.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om die oorwegings wat by die navorsingsontwerp en die veldwerk van hierdie navorsing gegeld het, te bespreek. Daar is ook gelet op die rasionaal vir die empiriese ondersoek. In die rasionaal is die doelstellings, soos uiteengesit in hoofstuk 1, vervat.

Die verwerking en interpretasie van die verkreë empiriese data word in die volgende hoofstuk aan die orde gestel.